# Gebedsbulletin
# No. 09 van 2025

## 02 Maart 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Daardie "iets beter", wat God vir jou in gedagte gehad het, is reeds bewaarheid

Die Here het vir jou iets beter in gedagte." Mense sê dit graag vir mekaar in krisistye, sonder om mooi te dink wat hulle bedoel. Wel, daardie woorde het lankal hulle vervaldatum bereik. Ons leef reeds in daardie iets-beter-tyd, wat die Here vir ons almal in gedagte gehad het. Nee wag, dis nie "iets beter", wat God toe vir ons in gedagte gehad het nie - dis Iemand beter! Ek praat van Jesus! Hyself bevestig dit in Lukas 10:23-24, wanneer Hy vir Sy dissipels sê: "Gelukkig en bevoorreg is hulle, wat sien wat julle sien. Ek verseker julle: Baie profete en konings wou baie graag sien wat julle sien, maar het dit nie gesien nie. Hulle wou ook baie graag hoor wat julle hoor, maar het dit nie gehoor nie." (NNT-vertaling)

Geseënd is jyself as jy hierdie woorde van Jesus verstaan. Geseënd is jy as jy dit jou eie gemaak het. Dan leef jy lankal in "beter tye" saam met "Iemand beter." Dan leef jy in God se seisoen van genade. Jy beleef in hierdie dae dat die hemele wawyd oop is. Jy beleef in hierdie dae dat dit seën reën. Jy ervaar dit alles, omdat die Here jou oë oopgemaak het om Sy genade en Sy goedheid eerstehands te beleef. Daarom het Jesus se gebed in Lukas 10:21 ook oor jou waar geword oor jou. Hy weet jy het Sy evangelie, Sy goeie nuus met kinderlike opregtheid aangegryp. Daarom bid Jesus jubelend, ook oor jou: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde. U het gesorg dat wyse en slim mense hierdie dinge nie begryp nie, maar dit tog aan klein kindertjies duidelik gemaak. Ja, Vader, so wou U dit hê." (NNT-vertaling)

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Danie Theron
Michelle Cowley
Carin Wilsenach
Tannie Anna Chandler
Tannie Charmaine Venter
Elma Swart
Maud Kleynhans
Wikus Holtzhausen
Jan Viljoen
Tannie Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Karen Meyer




<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

